



Verwysing: 20210913-5802  
Lêerno.: 13/1/2/1  
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0016/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-, en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Moniterings- en risikobestuur vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-, en Senior Sertifikaat-eksamen vanaf Oktober 2021 tot Julie 2022**

1. Die gehaltebeheer, behoorlike bestuur en doeltreffende administrasie van eksamens is noodsaaklik op alle vlakke en in alle inrigtings om die integriteit en geloofwaardigheid van eksamenuitslae te verseker. Dit sluit onaangekondigde besoeke aan eksamensentrums in, asook prinsipale/sentrubestuurders wat aanspreeklikheid vir alle eksamens wat by hul skole afgeneem word, aanvaar.
2. **Monitering van die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS), Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4- en Senior Sertifikaat- (SS) eksamen**
  - 2.1 Verteenwoordigers van die volgende vier liggame sal die eksamenprosesse by eksamensentrums monitor:
    - (a) Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)
    - (b) Die Raad vir Gehaltebeheer in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (Umalusi)
    - (c) Die Departement van Basiese Onderwys (DBO)
    - (d) Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO)
  - 2.2 Monitors van Umalusi, die DBO en DHOO is spesifiek vir hierdie doel aangestel en sal nie noodwendig deur amptenare van die WKOD vergesel word wanneer hulle eksamensentrums besoek nie.

- 2.3 Alle moniters van die WKOD, Umalusi, DBO en DHOO sal in besit wees van identifikasiedokumente en aanstellingsbriewe vir die posisie as monitor en sal **alle** eksamenprosedures, byvoorbeeld die verwydering van vraestelle uit die kluis/brandkamer, die veilige bewaring en stoor van eksamenvraestelle in die kluis/brandkamer, die werklike skryf van eksamens in die eksamenlokale en die toesigproses kontroleer.
- 2.4 Die moniters is gevra om by die kantoor van die hoof van die inrigting aan te meld wanneer hulle arriveer en weer wanneer hulle vertrek. Hoofde van inrigtings word versoek om die moniteringdokument te onderteken en seker te maak dat die monitor die Register vir Moniters onderteken.
- 2.5 Die moniteringsdokument (**Bylae A: Wes-Kaap Onderwysdepartement Moniteringsdokument 2021**) sal deur amptenare van die WKOD gebruik word om die skryf van eksamens te monitor.
- 2.6 Senior toesighouers moet daaglik die aanlynverslag binne **een uur na die eksamen** afgehandel is met behulp van die skakel (*link*) voltooi. Hierdie daaglikse aanlynverslag vervang nie die verslag van die hoofopsiener aan distrikte nie.
- 2.7 Die skakel (*link*) vir die daaglikse aanlynverslag van senior toesighouers is: <https://forms.office.com/r/db6aCZbq4v>. Alle prinsipale moet toesien dat hierdie aanlynverslag na elke eksamensessie voltooi word.
3. **Risikobestuur vir die NSS-, OOV Vlak 4- en SS-eksamen**
- 3.1 Alhoewel daar nie verwag word dat enige van die eksamens ontwig sal word nie, is dit noodsaaklik dat 'n omvattende risikobestuurplan deur elke inrigting opgestel word om enige ontwigting, wat die bestuur en afneem van hierdie eksamens kan beïnvloed, te hanteer.
- 3.2 In die geval van 'n ontruiming, moet die kringbestuurder of distriksdirekteur onmiddellik van die voorval in kennis gestel word. Die kringbestuurder of 'n ander aangewese amptenaar van die distrikskantoor sal hom of haar beywer om die skool onmiddellik te besoek om die prosedures wat deur die skool gevolg word te verifieer. Vandat hy of sy by die skool aankom, moet die aangewese amptenaar van die distrikskantoor die situasie fyn dophou.
- 3.3 Versuim om die ontruiming volgens die vasgestelde prosedures uit te voer, sal die geloofwaardigheid van die eksamen onder verdenking plaas en kan tot die tref van alternatiewe reëlings, soos die herskedulering van die eksamen tot 'n later datum, lei.

- 3.4 Prinsipale/sentrumbestuurders moet kandidate inlig oor die inrigting se gebeurlikheidsplan vir ontruiming (**Bylae B: Gebeurlikheidsplan om noodgevallen te hanteer**) en die ernstige nagevolge indien sodanige ontruiming nie volgens beleid uitgevoer word nie.
- 3.5 In die onwaarskynlike geval van 'n nasionale of provinsiale eksamen wat oorgeskryf moet word, sal die WKOD alle prinsipale/sentrumbestuurders onmiddellik in kennis stel nadat die besluit geneem is.
- 3.6 Prinsipale/sentrumbestuurders mag die meegaande kontrolelys (**Bylae C: Risikobestuurkontrolelys vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4- en Senior Sertifikaat-eksamen**) as 'n riglyn gebruik om hulle te help om potensiële risiko's ten opsigte van die doeltreffende afneem van die eksamens te identifiseer en om hul risikobestuurplan dienooreenkomstig op te stel.

#### 4. Risikobestuur van onreëlmatighede

- 4.1 Die volgende onreëlmatighede het gedurende die skryffase van die November 2020 NSS-eksamen plaasgevind:

Tipe onreëlmatigheid	Getal gevalle aangemeld
Kandidate in besit van 'n selfoon	14
Ongemagtigde materiaal	09
Kandidate wat 'n verkeerde vraestel geskryf het	06
Antwoordstelle uit lokaal verwyder	03
Antwoordstelle is laat ontvang	07

- 4.2 Afgesien van twee ongerymdhede (selfoon en ongemagtigde materiaal), hou die ander ongerymdhede verband met die manier waarop kandidate se antwoordstelle ingesamel word. **Dit is dus noodsaaklik dat die korrekte prosedures vir die insameling en saambinding van antwoordstelle te alle tye nagekom word.**
- 4.3 Dit is van uiterste belang dat toesighouers by die deur(e) diens doen wanneer kandidate die eksamenlokaal verlaat om te verseker dat kandidate nie die eksamenlokaal met hulle antwoordstelle verlaat nie.
- 4.4 Prinsipale/sentrumbestuurders moet hulself vergewis van die inhoud van *Assesseringsbestuursminuut 0013/2017*, gedateer 24 Augustus 2017 en *Assesseringsbestuursminuut 0010/2021*, gedateer 30 Julie 2021, wat riglyne verskaf om assesseringsonreëlmatighede tydens nasionale eksamens te beperk.

5. Indien enige twyfel bestaan oor die identiteit van die persoon wat vir die monitering van die eksamen aanmeld, en indien daar enige ontwrigting in die eksamenproses of die oopmaak van 'n verkeerde vraestel is, moet die prinsipaal/sentrumbestuurder dit **onmiddellik** by die volgende WKOD-amptenare aanmeld:

Mnr. J Parbhoo, tel. 021 467 2075 of e-pos [Jaywant.Parbhoo@westerncape.gov.za](mailto:Jaywant.Parbhoo@westerncape.gov.za)

Mnr. B Loriston, Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens, tel. 021 467 2541

6. Die WKOD wens prinsipale/sentrumbestuurders die beste toe met die bestuur van die komende eksamens.

**GETERKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2021-09-15